



**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 22 MAART 2023 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)  
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl D G Bess  
Rdh T van Essen  
Rdl A K Warnick

Ander raadslede:

Die Speaker, rdl M A Rangasamy

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz  
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton  
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys  
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann  
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger  
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche  
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller (sluit later aan)  
Senior Bestuurder: Strategiese Dienste, me O Fransman  
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

**1. OPENING**

Die Uitvoerende Burgemeester verwelkom lede en versoek rdl D G Bess om die vergadering met gebed te open.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Dat **KENNIS GENEEM** word van die verskoning ontvang vanaf rdl N Smit.

**3. VORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE**

**3.1 DANKBETUIGING AAN DIE VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENS VAN SWARTLAND MUNISIPALITEIT**

Die Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder het die amptenare in uniform wat werksaam was die afgelope naweek en Maandag, 20 Maart 2023 tydens die beoogde nasionale 'shutdown' na die vergadering uitgenooi.

Die Uitvoerende Burgemeester bedank die amptenare vir hulle onbaatsigtige diens die afgelope tyd om te verseker dat die gemeenskappe en besighede in die Swartland munisipale area veilig was en dat mense Maandag, 20 Maart 2023 veilig by hulle werkplekke kon uitkom.

Die Uitvoerende Burgemeester loof die amptenare vir hulle ingesteldheid, toewyding en lojaliteit aan Swartland Munisipaliteit, ten spyte van die moeilike omstandighede waarin hulle soms werk en die teensinnige gedrag vanaf die publiek.

3.1/...

Die Munisipale Bestuurder bedank die amptenare, onder andere, vir hulle paraatheid om ±400 bande op te spoor en te verwyder. Die Munisipale Bestuurder noem dat die amptenare die standaard gestel het wat 'n mense se houding (attitude) moet wees om uitdagings die hoof te bied.

**VIR KENNISNAME**

**4. NOTULES**

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 15 FEBRUARIE 2023**

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 15 Februarie 2023 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

**5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS UIT DIE NOTULE**

**5.1 NOTULE VAN PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 8 MAART 2023**

**5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES**

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

**5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE**

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

**5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE**

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

**5.1.4 BESKERMINGDIENSTE**

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

**6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

**6.1 NOTULE VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 15 FEBRUARIE 2023**

6.1.1/...

### 6.1.1 ITEM 7.13: AFSKRYWING VAN DEERNIS- EN ONINBARE SKULD: FEBRUARIE 2023, WERKLIKE BEDRAG AFGESKRYF (5/7/3/1)

Die afskrywing van oninbare skulde is op 15 Februarie 2023 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê en het die verslag ten doel om die werklike bedrae afgeskryf te bevestig.

Die enorme bedrae oninbare skulde wat afgeskryf word in gebiede waar Eskom die kragvoorsiener is, ondersteun die Munisipaliteit se besluit om nie *Special Rating Areas* in te stel nie, aangesien die besluit gefundeer was op die risiko dat kredietbeheer nie in hierdie areas toegepas kan word nie.

Die Direkteur: Finansiële Dienste bevestig dat daar vier nuwe aanstellings in die Kredietbeheerafdeling gemaak gaan word en dat die amptenare verantwoordelik sal wees vir die daaglikse oudit van deernisgevalle om toe te sien dat slegs kwalifiserende huishoudings 'n subsidie sal ontvang vir gratis basiese dienste. Verder is die Munisipaliteit in proses om 'n stelsel aan te koop wat gekoppel is aan die stelsels van die Departement van Binnelandse Sake om toegang te hê tot eerstehandse inligting, bv. of 'n persoon werkloos is, al dan nie.

#### BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat kennis geneem word dat die bedrae wat werklik afgeskryf is ten opsigte van deernishuishoudings **R5 171 706.11** beloop en ten opsigte van ander oninvorderbare skulde **R1 615 410.69** beloop;
- (b) Dat kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit die reg voorbehou om enige bedrag wat afgeskryf is, weer terug te skryf na die betrokke debiteur en alle nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat -
  - (i) 'n huishouding nie aan die deerniskriteria voldoen het nie (soos bepaal in Hoofstuk 7 van die Deernisbeleid); of
  - (ii) 'n gedeelte van die skuld of die totale skuld van 'n debiteur nie korrek sou wees nie; of
  - (iii) enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee bekend was, wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie.
- (c) Dat kennis geneem word dat indien 'n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, Swartland Munisipaliteit die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. 'n Register is by die Eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word.

## 7. NUWE SAKE

### 7.1 BEGROTINGSBEHEERKOMITEE: 2022/2023 SPESIALE AANSUIWERINGS-KAPITAAL EN -BEDRYFSBEGROTING, TEGNIESE AANBEVELINGS (5/1/1/1, 5/1/1/2)

Die voorsitter versoek die Direkteur: Finansiële Dienste om die Spesiale Aansuiweringsbegroting toe te lig.

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat 'n toekenning van R10 945 000 ontvang is vanaf die Departement van Plaaslike Regering as finansiële bydrae aan munisipaliteite vir die aankoop en installering van rugsteun-energievoorsiening vir water- en sanitasiefasiliteite om basiese dienslewering te verseker en potensieel gesondheidsrisiko's te voorkom.

## 7.1/...

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste het die Munisipaliteit in 'n gunstige posisie geplaas om die toekenning te bekom deur volledige besigheidsplanne te kon indien en beoog om die fondse teen einde Junie 2023 te spandeer.

Die Spesiale Aansuiweringsbegroting is deur die Begrotingskomitee op 16 Maart 2023 oorweeg vir aanbeveling aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

**BESLUIT** [vir voorlegging aan die Raad op 30 Maart 2023]  
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat kennis geneem word dat die Begrotingsbeheerkomitee vergader het om die verduidelikings en motiverings van die finansiële en ingenieurspersoneel te oorweeg in 'n poging om die Uitvoerende Burgemeester te adviseer insake die pad vorentoe;
- (b) Dat goedkeuring verleen word om die hoë-vlak kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2022/2023 as volg te wysig met geen veranderinge aan die buite jare nie;

	Oorspronklike Begroting 2022/23	Half-Jaarlikse Aansuiwerings begroting 2022/23	Spesiale Aansuiwerings begroting 2022/23	Aanpassings	Oorspronklike Begroting 2023/24	Oorspronklike Begroting 2024/25
Kapitaalbegroting	191 095 805	167 894 804	178 839 804	10 945 000	195 834 903	165 690 722
Bedryfsuitgawes	1 029 331 855	1 025 575 992	1 025 575 992	-	1 061 375 491	1 139 864 061
Bedryfsinkomste	1 093 983 961	1 087 072 579	1 098 017 579	10 945 000	1 123 993 179	1 174 158 797
<b>Begrote (Surplus)/ Tekort</b>	<b>(64 652 106)</b>	<b>(61 496 587)</b>	<b>(72 441 587)</b>	<b>(10 945 000)</b>	<b>(62 617 688)</b>	<b>(34 294 736)</b>
Minus: Kapitaal Toekennings & Donasies	77 109 000	67 945 510	78 890 510	10 945 000	73 351 000	35 935 000
<b>(Surplus)/ Tekort</b>	<b>12 456 894</b>	<b>6 448 923</b>	<b>6 448 923</b>	<b>-</b>	<b>10 733 312</b>	<b>1 640 264</b>

- (c) Dat kennis geneem word dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2022/2023 finansiële jaar of verder nie en dat die begrote netto tekort van R6 448 923 onverander bly;
- (d) Dat die aangepaste begrotingskedules soos vereis deur die Begroting- en Verslagdoeningregulasies goedgekeur word soos vervat in **(Annexure B: Budget Report and B-Schedules 2022/23 – 2024/25)**;
- (e) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en -formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;
- (f) Dat die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) toepaslik dienoreenkomstig gewysig word.

## 7.2 2023 GEïNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) (2/1/4/4/1)

Die voorsitter gee geleentheid aan die Senior Bestuurder: Strategiese Dienste om kortliks die struktuur van die GOP-dokument te verduidelik wat ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels (Wet 32 van 2000) opgestel is. Dit word verder bevestig dat 'n sessie met raadslede sal plaasvind op 25 April 2023 om die GOP in detail deur te werk.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die GOP die eindresultaat is van 'n kollektiewe poging van insette deur verskeie rolspelers gedurende die publieke deelname proses wat reeds deur Provinsie as 'n beste praktyk beskou word.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat dit 'n voorreg sal wees om die GOP tot uitvoering te bring oor die volgende vier jaar.

7.2/...

Rdh T van Essen noem dat in gedagte gehou moet word dat daar wysigings aan die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) aangebring moet word voor einde Maart wat deel moet vorm van die GOP.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste spreek haar kommer uit dat verouderde statistieke uit die 2016-Sensus gebruik word en dat die onlangse Sensus-opname se doeltreffendheid en akkuraatheid onder verdenking is.

**BESLUIT** [vir voorlegging aan die Raad op 30 Maart 2023]  
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat die konsep Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) vir die Swartland munisipale gebied in beginsel aanvaar word in terme van Hoofstuk 5 van die Wet op Munisipale Stelsels Nr 32 van 2000 vir die doeleindes van die verkryging van publieke insette en kommentaar;
- (b) Dat die konsep GOP geadverteer word vir publieke insette en kommentaar gedurende April 2023;
- (c) Dat die konsep GOP by Plaaslike Bestuur, Provinsiale Tesourie, Nasionale Tesourie en die Weskus Distriksmunisipaliteit ingedien word;
- (d) Dat die GOP op 17 Mei 2023 aan die Burgemeesterskomitee vir 'n aanbeveling en op 25 Mei 2023 aan die Raad vir finale goedkeuring voorgelê word; en
- (e) Dat die hersiening van die areaplanne goedgekeur word.

**7.3 BEGROTINGSBEHEERKOMITEE TEGNIESE AANBEVELINGS VIR DIE KONSEP MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTINGS, GEWYSIGDE BEGROTINGS EN VERWANTE BELEIDE, EIENDOMSBELASTING, TARIWE EN ANDER HEFFINGS VIR 2023/2024, 2024/2025 EN 2025/2026 VIR DOELEINDES VAN DIE PUBLIEKE DEELNAME PROSES (5/1/1/1, 5/1/1/2)**

Artikel 16(2) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) bepaal dat die burgemeester die jaarlikse begroting ten minste 90 dae voor die aanvang van die begrotingsjaar by 'n raadsvergadering ter tafel moet lê.

Die konsep meerjarige kapitaal- en bedryfsbegroting is ook in terme van die *Municipal Budget and Reporting Regulations, 2008* op 16 Maart 2023 aan die Begrotingsbeheerkomitee voorgelê vir oorwegings van die tegniese aanbevelings.

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat die inkomste modulering nie gefundeer is op inkomste versus uitgawes nie, maar op die effek van tariefverhogings en die bekostigbaarheid daarvan vir die belastingbetalers. Verder kan die Munisipaliteit, gegewe die makro-ekonomiese vooruitsigte, nie meer volhoubaar bedryf word deur inflasie gekoppel te wees nie en die historiese benadering tot die opstel van 'n begroting sal ernstige oorweeg en herontdek moet word.

Die Direkteur: Finansiële Dienste moedig raadslede aan om kommentaar op die konsep begroting te lewer teen 28 April 2023, na aanleiding van opmerkings deur rdh T van Essen en rdl A K Warnick insake sekere aspekte uit die begroting.

**BESLUIT** [vir voorlegging aan die Raad op 30 Maart 2023]  
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die Raad kennis neem dat die koste soos beoog deur Artikel 19 (2)(a)(b) verkry is na konsultasie met die onderskeie direkteur(e) wie die koste bevestig het soos per **(Annexure A: 2023/2024 – 2025/2026 Draft Budget and Tariff File)** en oorweeg dieselfde;
- (b) Dat die Raad, voor die goedkeuring van die kapitaal projekte bo R50 miljoen soos gelys in **(Annexure B: 2023/2024 – 2025/2026 Capital Projects ito Sec 19)**, eers die geprojekteerde koste wat alle finansiële jare dek totdat die projek in

7.3(b)/...

werking is; en die toekomstige bedryfskoste en inkomste op die projek, met inbegrip van belasting- en tarief-implikasies oorweeg;

- (c) Dat die Raad dit toepaslik geag het om die totale kapitaalprogram te oorweeg, uitgesluit die 3 individuele projekte bo R50 miljoen aangesien die voorgenoemde kapitaalprogram se operasionele koste, insluitend die toekomstige koste wat gedek sal word deur belasting en die normale kostesentrums soos in die bedryfsbegroting;
- (d) Dat die toekomstige kapitaalbegrotings vanaf jaar 3 beperk word tot 16.5% van die bedryfsbegroting (gebaseer op NT se norm van tussen 10% en 20% vir Kapitaalbesteding tot Totale Bedryfsbesteding) as gevolg van die opwaartse druk wat dit het op die bedryfsbegroting en die bekostigbaarheid van tariewe;
- (e) Dat die Raad die befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die Raad se kapitaalprogram en daarop let dat die befondsingsbronne beskikbaar is en nie vir ander doeleindes geormerk is nie;

FINANCING SOURCES	Draft Budget 2023/2024	Draft Budget 2024/2025	Draft Budget 2025/2026
Capital Replacement Reserve (CRR)	R 99 051 292	R 103 813 866	R 117 124 689
Municipal Infrastructure Grant (MIG)	R 24 708 000	R 25 664 000	R 26 660 000
Dept. Human Settlements	R 55 314 000	R 64 890 000	R 30 000 000
Integrated National Electrification Programme (INEP)	R 23 658 000	R 25 000 000	R 35 000 000
RSEP	R 500 000	-	-
Contributions / Donations	R 1 224 943	-	-
Dept. Cultural Affairs and Sport	R 1 016 000	-	-
Community Safety Grant	R 40 000	R 40 000	-
Fire Service Capacity Building Grant	R 926 000	-	-
<b>GRAND TOTAL</b>	<b>R 206 438 235</b>	<b>R 219 407 866</b>	<b>R 208 784 689</b>

- (f) Dat die Raad die kapitaalprojekte as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos per (**Annexure A: 2023/2024 – 2025/2026 Draft Budget and Tariff File**);
- (g) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen vir die opneem van 'n eksterne lening tot 'n bedrag van R50 miljoen vir jaar 2 van die 2023/24 MTREF, vir die gedeeltelike finansiering van die volgende kapitaalprojekte: 132/11kV Eskom Schoonspruit Substation (R30 miljoen) en die Development of Highlands New Landfill Cell (R20 miljoen), deur die mark te toets by wyse van die inwin van tenders vanaf die finansiële instellings soos beoog in artikel 46 van die MFMA;
- (h) Dat die konsep hoë-vlak meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegrotings ten opsigte van die **2023/2024– 2025/2026** finansiële jare goedgekeur word as konsep, in ooreenstemming met artikel 16, 17 en 19 van die MFMA om publieke deelname toe te laat;

	Oorspronklike Begroting 2022/23	Half-Jaarlikse Aansuiwerings begroting 2022/23	Konsep Begroting 2023/24	Konsep Begroting 2024/25	Konsep Begroting 2024/25
Kapitaalbegroting	191 095 805	167 894 804	206 438 235	219 407 866	208 784 689
Bedryfsuitgawes	1 029 331 855	1 025 575 992	1 104 199 609	1 214 888 188	1 421 514 611
Bedryfsinkomste	1 093 983 961	1 087 072 579	1 227 697 725	1 341 922 499	1 525 223 633
<b>Begrote (Surplus)/ Tekort</b>	<b>(64 652 106)</b>	<b>(61 496 587)</b>	<b>(123 498 116)</b>	<b>(127 034 311)</b>	<b>(103 709 022)</b>
Minus: Kapitaal Toekennings & Donasies	77 109 000	67 945 510	107 386 943	115 594 000	91 660 000
<b>(Surplus)/ Tekort</b>	<b>12 456 894</b>	<b>6 448 923</b>	<b>(16 111 173)</b>	<b>(11 440 311)</b>	<b>(12 049 022)</b>

7.3/...

- (i) Dat daar inbeginsel goedkeuring verleen word vir die kennisgewing ingevolge artikel 14(1) en (2) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 ten opsigte van die heffing van konsep eiendomsbelastingkoerse, vrystellings en afslag op eiendomme soos gespesifiseer in die onderstaande skedule en in die eiendomsbelastingbeleid vir die 2023/2024 finansiële jaar, vir doeleindes van die publieke deelnameproses;

Category of property	Rate ratio	(c/R) rate determined for the relevant property category
Residential properties	1: 1	0,5956
Business and Commercial properties	1: 1,4586	0,8769
Industrial properties	1: 1,4586	0,8769
Agricultural properties	1: 0,25	0,1489
Mining properties	1: 1,4586	0,8769
Public Service Infrastructure	1: 0,25	0,1489
Properties owned by an organ of state and used for public service purposes	1: 1,4586	0,8769
Public Benefit Organisations	1: 0	0,0000
Vacant properties	1: 1,3470	0,8022
Municipal properties	1: 0	0,0000
Conservation Areas	1: 0	0,0000
Protected Areas	1: 0	0,0000
National Monuments	1: 0	0,0000
Informal Settlements	1: 0	0,0000

#### **Exemptions and Reductions**

- **Residential Properties:** For all residential properties, the municipality will not levy a rate on the first R15 000 of the property's market value. The R15 000 is the statutory impermissible rate as per section 17(1)(h) of the Municipal Property Rates Act.
- **Rebates in respect of a category of owners of property are as follows:**
- **Indigent owners:** 100 per cent rebate will be granted to registered indigents in terms of the Indigent Policy to a maximum valuation of R105 000;
- **Qualifying senior citizens and disabled persons:** A rebate to an amount equal to the rates payable on the first amount of the valuation of such property to a limit of R300 000.

**NB:** Please refer to the municipality's property rates policy in respect of all rebates offered.

- (j) Dat die Raad die konsep tariefstrukture en heffings vir water, vullisverwydering, riool en ander diverse heffings soos uiteengesit in **(Annexure A: 2023/2024 – 2025/2026 Draft Budget and Tariff File)** goedkeur met die doel om publieke deelname toe te laat;
- (k) Dat die Raad die voorgestelde elektrisiteitstariewe as konsep goedkeur vir die 2023/2024 finansiële jaar, met in ag neming dat dit onderhewig is aan finale goedkeuring deur NERSA;
- (l) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit is in **(Annexure C: Budget Report and A-Schedules 2023/2024 – 2025/2026)** goedgekeur word;
- (m) Dat die **wysigings** aan die begrotings- en verwante beleide soos vervat in **(Annexure D: Draft Amendments to Budget & Related Policies 2023/2024)**, goedgekeur word met die doel vir die publiek se menings en kommentaar;
- (n) Dat die opleidingsbegroting beperk is tot **0,60%** van die salarisbegroting ten bedrae van **R1 968 095** vir die 2023/2024 finansiële jaar as konsep goedgekeur word;

7.3/...

- (o) Dat die Raad kennis neem dat die verhogings vir die Direkteure kontraktueel gekoppel is aan die ander personeel wat op nasionale vlak onderhandel en bepaal word:
- Ten opsigte van alle personeel, 'n verhoging van **5.3%** vir 2023/2024; **5%** vir die 2024/2025 en **5%** vir 2025/2026 finansiële jare, uitgesluit die toename in ander voordele wat van toepassing is en die jaarlikse 2,5% kerfverhoging waar van toepassing;
  - Daar is voldoende begroot vir alle salarisaanpassings;
  - Voorsiening is gemaak vir 'n **3%** verhoging vir politieke ampsbekleërs wat val binne die middelband van die inflasietekens soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB).
- (p) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfssurplusse en dat die begroting “kontant gefinansier” word as gevolg van die kontantreserwes in tabel A8, die totale groei in uitgawes van **7.7%** vanaf die huidige na die nuwe finansiële jaar en die inkomstebronne met 'n groei in inkomste van **12.9% (9.9% kapitale toekennings uitgesluit)** vir die MTREF periode, sowel as die kontantvloei-staat soos per **(A-schedule: A7)** vir die volgende drie finansiële jare;
- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **9.4 maande** vir 2023/24, **8.9 maande** vir 2024/25 en **7.5 maande** vir die 2025/26 finansiële jaar (dit kan wesenlik beïnvloed word, maar op hierdie stadium is dit nie moontlik om wetenskaplik te bepaal nie);
  - oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so 'n aard dat netto bedryfsurplusse verwag word vir 2023/24, 'n bedrag van **R16 111 173**, vir 2024/25 'n bedrag van **R11 440 311** en vir 2025/26, 'n bedrag van **R12 049 022 (kapitale toekennings uitgesluit)**, wat ver onder die NT-norm is van minstens 'n 10% surplus.
- (q) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;
- (r) Dat die Raad kennis neem dat die begroting opgestel is in die nuwe mSCOA Weergawe 6.7 soos vereis deur Nasionale Tesourie;
- (s) Dat die proses van publieke insette, of kommentaar op die konsep begroting, **hersiende** begroting en verwante beleide (beperk tot die hersienings van die vorige jaar) en begrotingsdokumente, belasting koerse op eiendomme en tariewe op **28 April 2023** sluit.

#### 7.4 **KONSEP 2023/2024 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGIMPLEMENTERINGS-PLAN (SDBIP) (2/4/2)**

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat elke begroting gerugsteun moet word deur 'n Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP).

Die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) definieer die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) as 'n gedetailleerde plan wat deur die burgemeester van 'n munisipaliteit ingevolge artikel 53(1)(c)(ii) van die MFMA goedgekeur word vir implementering van die munisipaliteit se lewering van dienste en van sy jaarlikse begroting.

Die voorlegging van die SDBIP geskied ingevolge regulasies 14 en 15 van die *Municipal Budget and Reporting Regulations*.

#### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die aangehegte konsep 2023/2024 Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) ten einde dit by die Raadsvergadering ter tafel te lê in terme van regulasie 14 van die Munisipale Begroting en Rapportering Regulasies;



7.4/...

- (b) Dat die SDBIP in terme van regulasie 15 van die Munisipale Begroting en Rapportering Regulasies aan Nasionale Tesourie en Provinsiale Tesourie voorgelê word.

**7.5 KONTRAKTE MET TOEKOMSTIGE BEGROTINGIMPLIKASIES: SLUITING VAN 'N WATERVOORSIENINGSOOREENKOMS MET DIE DEPARTEMENT VAN WATER EN SANITASIE: VOLDOENING AAN ARTIKEL 33 VAN DIE MFMA (16/1/1/B)**

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste bevestig dat die aansoek om 'n verhoogde allokasie van 1.66 miljoen m<sup>3</sup>/jaar uit die Bergrivier Voëlvlei Aanvullingskema (BVRAS) suksesvol was en dat die volgende stap is om 'n Watervoorsieningsooreenkoms met die Departement van Waterwese en Sanitasie te sluit.

Op navraag aangaande alternatiewe waterbronne vir die Swartland munisipale gebied, bevestig die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste dat die Swartland nie in 'n gunstige posisie is nie deurdat ondergrondse waterbronne baie sout is. 'n Volhoubare alternatief is om water vanaf Stad Kaapstad aan te koop wat in die toekoms oorweeg sal word.

**BESLUIT** [vir oorweging deur die Raad op 30 Maart 2023]  
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat kennis geneem word van die verhoogde allokasie vanuit die beoogde Bergrivier Voëlvlei Aanvullingskema vanaf die aanvanklike 0.66 miljoen m<sup>3</sup>/jaar tot 1.66 miljoen m<sup>3</sup>/jaar;
- (b) Dat verder kennis geneem word dat ten einde die allokasie op te neem 'n Watervoorsieningsooreenkoms met die Departement van Water en Sanitasie gesluit moet word en dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die ooreenkoms te onderteken, onderhewig aan sekere voorwaardes;
- (c) Dat verder kennis geneem word dat die sluiting van die Watervoorsieningsooreenkoms toekomstige begrotingsimplikasies inhou buite die goedgekeurde meerjarige begroting wat bereken is op R7,088,000 per jaar teen huidige jaar kostes;
- (d) Dat verder kennis geneem dat die proses soos bepaal word deur Artikel 33 van die Wet op die Bestuur van Munisipale Finansiensies gevolg sal word.

**7.6 HERSIENING VAN RAMPBESTUURSPLAN VIR SWARTLAND (17/5/1/1)**

Die Direkteur: Beskermingsdienste bevestig dat die voorlegging van die Rampbestuursplan vir Swartland dien as hersiening van kontakbesonderhede van die onderskeie rolspelers en identifisering van risiko's vir die munisipale gebied.

Daar word versoek dat die volgende aangeleenthede ondersoek word:

- (1) Gereedheid om Ouetehuse by te staan in ramptoestand;
- (2) Gereedheid om hazmad-situasie te hanteer m.v.n toerusting, opleiding, ens;
- (3) Gereelde hersiening van brandkrane.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die 2023 hersiende Rampbestuursplan asook die instemming van al die departemente om as deel van hul daaglikse take aandag te gee aan ramprisiko vermindering;
- (b) Dat die Burgemeesterskomitee die 2023 hersiende Rampbestuursplan vir die Swartland Munisipale area goedkeur, met die onderneming dat die plan jaarliks hersien sal word om sodoende seker te maak dat die inhoud altyd relevant en op datum is;
- (c)/...

7.6/...

- (c) Dat, soos deur die Rampbestuurswet voorgeskryf, 'n afskrif van die goedgekeurde hersiende plan voorsien word aan die Weskus Rampbestuursentrum, Provinsiale Rampbestuursentrum asook die Nasionale Rampbestuursentrum.

**7.7 NOTULE VAN 'N MUNISIPALE PRESTASIE EN RISIKO OUDITKOMITEE GEHOU OP 29 NOVEMBER 2022, ASOOK DIE HALFJAARLIKSE VERSLAG VIR DIE PERIODE GEëINDIG 31 DESEMBER 2022 (5/14/1/3)**

Die Ouditkomitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van artikel 166 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet, Nr 56 van 2003.

Die notule van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomiteevergadering gehou op 29 November 2022 is met die sakelys gesirkuleer, en bevat geen aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging nie.

Die Halfjaarlikse verslag van die Prestasie en Risiko Ouditkomitee vir die periode eindigend 31 Desember 2022 is met die sakelys gesirkuller.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomitee se vergadering van 29 November 2022 asook die halfjaarlikse verslag van die Ouditkomitee vir die tydperk geëindig 31 Desember 2022.

**7.8 VERSOEK ONTVANG INSAKE WESKAAPSE HUURBEHUISING (17/2/2)**

Daar is 'n groot fokus om eienaarskap te gee van begunstigdes van behuisingseleenthede, maar huurbehuising is, veral onder die ekonomiese omstandighede van Suid-Afrika, nodig om 'n blyplek aan mense te gee wat nie eienaarskap van hulle eiendom kan verkry nie.

Die hoofdoel van die Huurbehuisingstribunaal is om stabiliteit in die huurbehuisingsektor te bevorder en om meganismes te skep om met dispute te handel. Daar moet in elke munisipale gebied 'n huurbehuisinginligtingskantoor gevestig word om verhuurders en huurders te wys op hulle regte en verpligtinge om onwettige en onbillike handelingte te voorkom.

Tydens 'n vergadering met die Huurbehuisingstribunaal gehou op 27 Februarie 2023 is die versoek ontvang om 'n huurbehuisinginligtingskantoor in die Swartland munisipale area te vestig.

**BESLUIT**

(opvoorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat kennis geneem word van die versoek wat vanaf die Weskaapse Behuisingstribunaal ontvang is om 'n inligtingskantoor by die Munisipaliteit te vestig;
- (b) Dat die Munisipaliteit nie oor die nodige kapasiteit beskik om 'n huurbehuisinginligtingskantoor te vestig om huurder en verhuurders te adviseer met betrekking tot hul regte en verpligtinge nie;
- (c) Dat, om die Weskaapse Huurbehuisingstribunaal by te staan om die funksie na die munisipale gebied te desentraliseer, die nodige lokale beskikbaar gestel sal word wanneer die behoefte ontstaan;
- (d) Dat die Munisipaliteit die Weskaapse Huurbehuisingstribunaal sal bystaan om inligting aan die betrokke rolspelers te versprei deur middel van die Thusong Mobiele-uitreike in die gemeenskappe.

### 7.9 GOEDKEURING VIR DIE GEBRUIK VAN FASILITEITE AS *VIEWING*-SENTRUMS TYDENS DIE NETBAL WÊRELDBEKER (17/9/1/3)

Die Netbal Wêreldbeker vind in Kaapstad plaas vanaf 26 Julie tot 6 Augustus 2023. Die Departement van Kultuursake en Sport het 'n aantal besigtigingsentrums geïdentifiseer om gemeenskappe aan die toernooi bloot te stel.

Die Departement het befondsing om 'n 50/50 basis tot 'n maksimum van R50 000/sentrum beskikbaar gestel om die sentrums met die nodige toerusting toe te rus om die netbal wedstryde te vertoon. Die toerusting sal die Munisipaliteit toeval na afloop van die toernooi.

#### BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnicks, gesecondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat die onderstaande lokal gebruik word as *viewing*-sentrums tydens die Netbal Wêreldbeker wat in Kaapstad gehou sal word vanaf 26 Julie tot 6 Augustus 2023:
  - Darling: Community Hall;
  - Moorreesburg: Community Hall;
  - Malmesbury: Indoor Sport Centre;
- (b) Dat kennis geneem word dat die Weskaapse Departement van Kultuursake en Sport 'n bedrag van R50 000,00 per *viewing*-sentrum beskikbaar gestel het vir bedryfsuitgawes en aankoop van oudio/visuele toerusting;
- (c) Dat voormelde befondsing slegs beskikbaar is op 'n 50/50 basis van bydrae;
- (d) Dat daar voldoende voorsiening gemaak is in die nuwe meerjarige begroting om die basis van bydrae in paragraaf (c) te laat realiseer.

### 7.10 BENUTTING VAN VOORMALIGE DANCKERTVILLE POSKANTOOR (12/1/3/1-8/2)

Die Raad het vir etlike jare Erf 7516, geleë te Jakarandastraat, Malmesbury aan die SA Poskantoor verhuur. Die Poskantoor het sy dienste aan die betrokke gemeenskap gestaak en die fasiliteite wat daarop opgerig is aan die Munisipaliteit geskenk.

Na 'n terplaatsse inspeksie met sommige van die raadslede is in beginsel ooreengekom dat die kantoor aan die SAPD beskikbaar gestel moet word as satelliet-polisiestasie of alternatiewelik, as 'n betaalpunt.

Na gesprekvoeringe met die SAPD, is 'n aansoek ontvang vanaf die Gemeenskapspolisiëringsforum om die fasiliteite te benut deur die SAPD, die GPF en die plaaslike buurtwag.

#### BESLUIT

(op voorstel van rdl AK Warnick, gesecondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat erf 7516, Malmesbury met huidige verbeterings aan die Suid-Afrikaanse Polisie diens beskikbaar gestel word, om vir die werksaamhede van die Polisie, die Gemeenskapspolisiëringsforum en die Plaaslike Buurtwag benut te word tot voordeel van die plaaslike gemeenskap;
- (b) Dat 'n memorandum van ooreenkoms met toepaslike voorwaardes met die SAPD gesluit word rakende die gebruik van die fasiliteite gesluit word, om van tyd tot tyd hersien en geëvalueer te word.

### 7.11 KANTOORAKKOMMODASIE: SINETHEMBA (12/13/1-1/1)

Die Raad verhuur 'n gedeelte van die gebou geleë te Erf 1216, Abbotsdale aan Sinethemba vir die aanbied van gemeenskapsgebaseerde gesondheidsdienste.

Die huurtermyn het op 28 Februarie 2023 verstryk en Sinethemba het versoek om die huurooreenkoms vir 'n verdere termyn van een (1) jaar te verleng.

7.11/...

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat 'n huurooreenkoms gesluit word met Sinethemba vir die huur van 'n gedeelte van die gebou op Erf 1217, Abbotsdale vir doeleindes van die lewering van gemeenskapsgebaseerde gesondheidsdienste;
- (b) Dat 'n huurtarief van R120.00 per jaar, plus BTW, goedgekeur word;
- (c) Dat die huidige huurvoorwaardes van krag bly.

[Nota: Rdl D G Bess verlaat die lokaal vir die res van die vergadering.]

**7.12 HUUROOREENKOMS: LITTLE DARLING CRÈCHE (17/9/2/R)**

Erf 4048, Darling word sedert 2018 aan Little Darling Crèche verhuur vir doeleindes van die bedryf van 'n Vroeë Kinderontwikkelingsfasiliteit.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste verduidelik dat die Munisipaliteit die fasiliteite aan die crèche sal verkoop as dit bewys kan word dat die Vroeë Kinderontwikkelingsfasiliteit volhoubaar bedryf kan word. Die Direkteur: Korporatiewe Dienste bevestig dat die crèche 'n baie goeie werk doen en dat die huurvoorwaardes moet word tot tyd-en-wyl die crèche in 'n posisie is om die grond aan te koop.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat 'n een (1) jaar huurooreenkoms met Little Darlings Crèche m.i.v. 1 Maart 2023 aangegaan word vir die huur van erf 4048, Darling vir gebruik vir doeleindes van 'n Vroeë Kinder-ontwikkelingsentrum;
- (b) Dat die huurgeld vasgestel word op R120.00 per jaar plus BTW;
- (c) Dat indien Little Darlings Crèche homself as behore finansieel volhoubaar bewys, oorweging geskenk sal word aan die vervreemding van die betrokke erf aan genoemde instelling in die toekoms.

**7.13 HUUR VAN STOORRUIMTE TE MALMESBURY (12/1/2-6/2)**

Die Raad huur tans stoorruimte te Malmesbury vanaf die Bester Familietrust vir die stoor van vullissakke en watermeters.

Die stoorruimte word vir 'n verdere termyn benodig.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat 'n huurooreenkoms met die Bester Familietrust aangegaan word vir 'n verdere termyn van 12 maande vir die huur van stoorruimte te Malmesbury, met ingang vanaf 1 April 2023;
- (b) Dat die huurgeld ten bedrae van R1 320,00, BTW ingesluit, per maand betaal word vanuit posnommer 9/241-369-3007 (aankoop van vullissakke);
- (c) Dat die huidige huurvoorwaardes van krag bly.

**7.14 UITSTAANDE DEBITEURE: FEBRUARIE 2023 (5/7/1/1)**

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure teen einde Januarie 2023 is met die sakelys gesirkuleer.

Besluit/...

7.14/...

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Februarie 2023.

**7.15 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)**

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Februarie 2023 soos met die sakelys gesirkuleer.

**7.16 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: BETALING VAN JAARLIKSE LISENSIEGELDE (8/1/B/2)**

Die Munisipaliteit maak gebruik van gespesialiseerde sagteware in die voorbereiding van die finansiële state om in die formaat van die nuutste ouditvereistes te voldoen.

Die lisensiehouer en alleen diensteverskaffer van die lisensie (Caseware) is AdaptIT.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die betaling van die jaarlikse lisensiegeld oon AdaptIT ten bedrae van R92 669.65 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die rede vir die afwyking van die normale aankoop proses aangeteken word as volg:
  - (i) AdaptIT is die alleen diensteverskaffer van die sagteware in Suid-Afrika;
- (d) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe ten bedrae van R92 669.65 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/216-655-1925 verreken word;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.17 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DIE RATKAS VAN MENGER BY RIEBEEK KASTEEL WWTW (8/1/B/2)**

Die Riebeek Kasteel Riolsuiweringswerke bestaan uit verskeie komponente en meganiese toerusting wat die vervoer en suiwing van riool deur die onderskeie prosesse in staat stel. Die ratkas van 'n menger het onklaar geraak en dringende herstelwerk is benodig om te verhoed dat 'n totale falings van die suiweringsproses voorkom en die ernstige beskadiging van meganiese komponente verder aan in die proses.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;

7.17/...

- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die herstelwerk aan die ratkas van die menger in die ontlugtingsone van die Riebeek Kasteel WWTW deur GW Trautman ten bedrae van R53 929.50 (BTW uitgesluit) goed te keur;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die verkrygingsproses aangeteken word as volg:
  - (i) Die menger sou vir 'n geruime tyd buite werking gelaat word;
  - (ii) Voormelde sou aanleiding gee in die faling van die suiweringsproses en verdere skade aan meganiese komponente;
  - (iii) Die herstelwerk aan die ratkas is as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe ten bedrae van R53 929.50 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/239-851-689 verreken word;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

#### **7.18 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: HERSTEL VAN WEEGBRUG BY HIGHLANDS STORTINGSTERREIN (8/1/B/2)**

Die weegbrug by die Highlands Stortingsterrein is noodsaaklik om die gewig van die vullis wat deur voertuie gestort word te weeg en dienooreenkomstig 'n faktuur uit te maak, asook vir doeleindes van verslagdoening.

Die digitale meter het begin om foutboodskappe te genereer en die agent, Weighcomm Cape (Pty) Ltd van die oorspronklike vervaardiger is versoek om 'n kwotasie vir die herstelwerk te lewer.

#### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die herstelwerk aan die *Avery Weigh-tronix* weegbrug by die Highlands Stortingsterrein deur Weighcomm Cape (Pty) Ltd ten bedrae van R64 636.80 (BTW uitgesluit) goed te keur;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die verkrygingsproses aangeteken word as volg:
  - (i) Weighcomm Cape (Pty) Ltd is die oorspronklike vervaardiger se plaaslike en ondersteuningsagent en kon die diens slegs van die alleen diensteverskaffer bekom word;
- (d) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe ten bedrae van R64 636.80 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/244-419-695 verreken word;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

#### **7.19 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: DRINGENDE HERSTEL VAN BERMAD DRUKKLEP BY MOORREESBURG WATER POMPSTASIE (8/1/B/2)**

Die water aanjaagpompe op Moorreesburg vanuit die Withoogte Watersuiweringswerke is toegerus met 'n drukklep wat die vloei van water deur die aanjaagpompe reguleer. Die drukklep het onklaar geraak en dringende herstelwerk is benodig ten einde volhoubare watervoorsiening aan Moorreesburg te verseker.

7.19/...

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesecondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die vervanging van die drukklep by die Moorreesburg aanjaagpompstasie deur Macsteel ten bedrae van R152 921.25 (BTW ingesluit) goed te keur;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die verkrygingsproses aangeteken word as volg:
  - (i) Die wateraanjaagpompstasie sou vir 'n geruime tyd buite werking gelaat word;
  - (ii) Voormelde sou 'n onderbreking in die grootmaat watervoorsiening aan Moorreesburg veroorsaak het en 'n langdurige onderbreking van watervoorsiening aan die hele dorp;
  - (iii) Die vervanging van die drukklep is as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe ten bedrae van R152 921.25 (BTW ingesluit) teen posnommer 9/249-679-259 verreken word;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.20 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: HERSTELWERK AAN DEZZI MOTORGRADER (8/1/B/2)**

Die Dezzi motorgrader word in Darling aangewend vir die onderhoud aan grondpaaie. Die masjien het onklaar geraak en die oorspronklike vervaardiger van onderdele, Cape Diggers, is genader vir 'n kwotasie vir herstelwerk.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesecondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die Dezzi motorgrader deur Cape Diggers teen 'n bedrag van R30 936.00 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die verkrygingsproses aangeteken word as volg:
  - (i) Die omvang van die werk wat Cape Diggers aan die masjien gedoen het om die foutiewe komponente te kan inspekteer en 'n kwotasie op te stel;
  - (ii) Dit sal onprakties wees om die amptelike verkrygingsprosesse te volg aangesien dit die heropbouing van die foutiewe komponente benodig sou word;
  - (iii) Die feit dat Cape Diggers die gemagtigde diensagent vir Dezzi-toerusting in die Wes-Kaap is;
- (d) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe ten bedrae van R30 936.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/7-22-5 verreken word;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.21/...

**7.21 AANSOEK OM SIEKVERLOF DEUR MUNISIPALE BESTUURDER (4/8/3)**

Die Munisipale Bestuurder moet by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aansoek doen om verlof.

'n Aansoek om siekverlof vir ±16 werksdae is vanaf die Munisipale Bestuurder ontvang vir 'n mediese prosedure.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesecondeur deur rdh T van Essen)

- (a) Dat daar kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se siekverlof met ingang van 4 April 2023;
- (b) Dat daar kennis geneem word dat die Direkteur: Ontwikkelingsdienste na oorlegpleging tussen die Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder versoek is om as Munisipale Bestuurder waar te neem, en indien die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir welke rede nie beskikbaar is nie, die Direkteur: Korporatiewe Dienste as die waarnemende Munisipale Bestuurder sal optree;
- (c) Dat daar kennis geneem word dat beide die Direkteur: Ontwikkelingsdienste en die Direkteur: Korporatiewe Dienste oor die nodige ondervinding, kwalifikasies en minimum vereistes beskik om as Munisipale Bestuurder waar te neem;
- (d) Dat daar kennis geneem word dat die Munisipale Bestuurder se presiese siekverlofdae teen die middel van April 2023 gefinaliseer sal word op die verlofstelsel, na gelang van die werklike hoeveelheid, siekverlof geneem.

**(GET) J H CLEOPHAS  
UITVOERENDE BURGEMEESTER**